ALGEMENE KENNISGEWING 131 VAN 2021

CE84 & 85/2021
A9316 & A9317

SOL PLAATJE MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

VOORGESTELDE HERSONERING, AFWYKING EN OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITEL VOORWAARDES

T.O.V. ERF 4548 KIMBERLEY, RUTHWEG 5, HADISON PARK.

KENNIS geskied hiermee dat die Sol Plaatje Munisipaliteit 'n aansoek ontvang het vir Erf 4548 Kimberley, Ruthweg 5 vanaf "MVD Kalahari Town & Regional Planners" verteenwoordig deur Mnr. N Haarhoff ingevolge die Sol Plaatje Munisipale Grondgebruikbestuurs Verordeninge 2015 Artikels 4 (2)(a)(iii), 4 (2)(a)(iv) en 4 (2)(b)(iv) tesame met Artikels 6 en 20, saamgelees met die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruiksbestuur(Wet 16 van 2013) vir die;

- Voorgestelde Opheffing van beperkende titel voorwaarde naamlik " Voorwaarde C. Nr. 6 (b), (c), (d)" op Bladsy 3 en 4 van Titelakte T3629/2007;
- Voorgestelde Afwyking van die Skema Regulasies ten einde die getal van kinders te vermeerder vanaf 30 na 60 kinders;
- Voorgestelde Hersonering van Erf 4548 Kimberley vanaf **"Residensieel 1"** na **"Institusioneel"** ten einde 'n kleuterskool en kindersorgsentrum op die eiendom te bedryf;

Besonderhede aangaande hierdie aansoek is gedurende kantoor ure verkrygbaar vanaf Argief Kantoor, 053 830 6671, by die Stedelike Beplanningsafdeling, Direktoraat van die Uitvoerende Direkteur: Strategie, Ekonomiese Ontwikkeling en Beplanning, Tweede Vloer, Ou Gebou, Stadskantore,Sol Plaatje Rylaan te Kimberley.
Besware, indien enige, teen die voorstel moet skriftelik tesame met redes daarvoor by die bogenoemde ingedien word voor of op **MAANDAG, 13 DESEMBER 2021.**
Persone wat nie kan lees of skryf nie kan gedurende kantoorure na Sol Plaatje Munisipaliteit kom waar die betrokke amptenaar aan die persone hulp sal verleen insake hulle besware, kommentare en vertoe.